# DIE STAND VAN DIE BEELDENDE KUNS IN SUID-AFRIKA

DEUR

PROF N O ROOS

AD DESTINATUM PERSEQUOR

TUK 709.68 ROOS

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

Hierdie publikasie en die publikasies wat agter in hierdie publikasie vermeld word, is verkrygbaar van:

**VAN SCHAIK'S BOEKHANDEL (EDMS) BPK**
**BURNETTSTRAAT 1096**
**HATFIELD**
**0083**

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

# DIE STAND VAN DIE BEELDENDE KUNS IN SUID-AFRIKA

**DEUR**

**PROF N O ROOS**

Intreerede gelewer op 14 Junie 1979 by die aanvaarding van die professoraat in en die hoofskap van die Departement Beeldende Kunste.

**PUBLIKASIES VAN DIE UNIVERSITEIT VAN PRETORIA**

**NUWE REEKS NR 157**

**ISBN 086979 058 7**

**Prys: R2,00**

2357510

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

Aan die einde van die vorige eeu vestig twee Hollandse kunstenaars, Anton van Wouw en Frans Oerder, hulle in Pretoria in die ou Zuid-Afrikaanse Republiek. In 1905 kom nog 'n Hollander, Pieter Wenning, na Pretoria. Saam lê die driemanskap die fondamente waarop die kuns hier in die Noorde gebou sou word. In die Suide, waar die kunsgebeure van die 19de eeu reeds 'n sekere basis vir verdere ontwikkeling geskep het, het die Suid-Afrikaans-gebore Hugo Naudé in 1896 van 'n kunsopleiding in Europa teruggekeer en sy kunstenaarsloopbaan begin. In 1902 vestig die Engelsman Edward Roworth hom ook permanent in Kaapstad en in 1904 begin nog 'n Suid-Afrikaans-gebore kunstenaar, Jan Volschenk, sy voltydse loopbaan as kunsskilder in die Kaapprovinsie. Die beginpunte van die Suid-Afrikaanse kuns lê dus duidelik genoeg geheel en al in die twintigste eeu.

Vanaf die datum waarop Van Wouw aan die Paul Krugerstandbeeld begin het tot op hede het slegs tagtig jaar verloop — 'n oogwink in die kunsgeskiedenis van ons stamlande.

As ons egter terugkyk op wat tot stand gebring is in hierdie tagtig jaar, kan ons nie anders as om trots te voel op die omvang en die kwaliteit wat ons kunsbesit kenmerk nie. Wat hier te lande op die breër kunsgebied bereik is, is vergelykbaar met dit wat in ander jong lande soos Australië en Nieu-Seeland, om slegs twee uit te sonder, gebeur het.

Die fondamente vir ons kunsontwikkeling is gelê deur buitelanders: van Hollandse, Engelse, Duitse en in mindere mate Franse afkoms.

Die Suid-Afrikaans-gebore, maar Europees-geskoolde kunstenaars vorm in die vroeë jare van ons kunsgeskiedenis die minderheid. Van hierdie handjievol is Hugo Naudé, Jan Volschenk en Stratt Caldecott miskien die belangrikste.

Alhoewel die bydrae van Suid-Afrikaners tot ons kunsgeskiedenis in die jare wat gevolg het steeds toegeneem het, het die stroom van buitelandse kunstenaars nooit werklik opgedroog nie. Om slegs enkeles uit te sonder: Domsaites, Krenz, Lipschitz, Jentsch, Cattaneo, Baldinelli, Villa; almal kunstenaars uit verskillende Europese agtergronde wat onteenseglik tot die ryke verskeidenheid van die Suid-Afrikaanse kuns 'n bydrae gelewer het.

Vanuit eie bodem het kunstenaars soos Hendrik Pierneef, Maggie Loubser en Irma Stern gekom wat hul kunsopleiding in Europa deurloop het en elkeen in eie reg 'n sterk bydrae tot ons kunsbesit gelewer het. Nog later vind ons kunstenaars wat hul kunsopleiding hoofsaaklik plaaslik ontvang en dan na een of meer reise na die buiteland hulle hier gevestig het. Dit is hoofsaaklik hierdie jonger groep kunstenaars wat vandag rigting aan die Suid-Afrikaanse kunsontwikkeling gee.

Gelukkig genoeg was daar benewens die kunstenaars ook diégene wat omgesien het na die bewaring van hierdie kosbare besit, sodat dit nie vir die nageslag verlore sou gaan nie. Die privaatversamelaar het in dié opsig 'n belangrike rol gespeel. Later het verskillende stadsrade dit goedgedink om hul toevallige kunsbesit byeen te bring in klein versamelings, soos dié van Pretoria



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

wat uiteindelik gelei het tot die vestiging van 'n volwaardige stedelike kunsmuseum, waarin die aanvanklike klein versameling die groeipunt gevorm het vir 'n veel omvattender versameling werke van Suid-Afrikaanse asmede internasionale herkoms.

Eweneens het musea soos die Johannesburgse Munisipale Kunsmuseum en die Nasionale Kunsmuseum Kaapstad, wat hul ontstaan te danke gehad het aan die werkywer van individue of aan 'n nalatenskap van Europese kuns, geleidelik ontwikkel tot kunsmusea wat benewens hul belangrike versameling internasionale kunswerke ook voorbeelde van die Suid-Afrikaanse kunsbesit vertoon.

Teenswoordig bestaan daar in Suid-Afrika kunsmusea in verskeie hoofsentra, soos Johannesburg, Kaapstad, Pretoria, Port Elizabeth, Durban, Kimberley en Pietermaritzburg.

Dit is verblydend om te sien dat sommige kleiner stadsrade belangstelling toon vir die bymekaarbring van kunswerke, en selfs die stigting van kunssentra in hul stede en dorpe in die vooruitsig stel.

Groot maatskappye en koöperasies het deur hul ondersteuning gehelp om die beeldende kuns snel te laat vorder en het in die afgelope jare interessante en verteenwoordigende versamelings van Suid-Afrikaanse kuns opgebou. Dieselfde kan gesê word van ons universiteite wat, sommige meer as ander, hulle dit ten doel gestel het om die beeldende kuns te ondersteun en te help uitbou.

Die stigting van die Suid-Afrikaanse Kunsvereniging in 1946 was 'n belangrike mylpaal in die ontwikkelingsgeskiedenis van die plaaslike kuns. Hierdie vereniging het oor die jare baie gedoen om voorbeelde van ons kunstenaars se werk oor die lengte en breedte van Suid-Afrika aan die publiek bekend te stel. Takke van die vereniging het mettertyd oor die hele land, asook in Suidwes-Afrika, ontstaan. Dit is vandag nog steeds die enigste nasionale vereniging vir die bevordering van die beeldende kuns.

Alhoewel die beeldende kuns hier hoofsaaklik in die twintigste eeu ontwikkel het, bly dit vir 'n lang tyd negentiende-eeus in stemming en benadering vanweë die herkoms en die agtergrond van die kunstenaars, asook die besondere omstandighede van 'n grootliks ongesofistikeerde gemeenskap waarin hulle hul bevind het. Op enkele uitsonderings na is weinig pogings aangewend om van geykte uitdrukkingswyses weg te beweeg. Trouens, daar is selde probeer om selfs van die Europese siening weg te breek en die besondere nuwe probleme wat die Suid-Afrikaanse motief gebied het, aan te durf. Eers in die vyftigerjare het 'n verandering ingetree. Die besef dat Suid-Afrika, sover dit die beeldende kuns betref, in die hoofstroom van die internasionale kuns moes inbeweeg, het baie sterk op die voorgrond begin tree. Talle jonger kunstenaars het met nuwe idees van Europa teruggekom en dit hier toegepas. Hierdie dekade kan moontlik uitgesonder word as dié tyd waarin die Suid-Afrikaanse kuns sy grootste voorwaartse stap gedoen het. Die betreding van die terrein van die sogenaamde abstrakte kuns was 'n totale breuk met die



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

tradisie van die beeldende kuns wat tot op daardie stadium in Suid-Afrika aanvaar is.

Vir die beeldende kuns het dit vanselfsprekend groot betekenis ingehou. Die belangrikste aspek was miskien dat die kunstenaars direk gekonfronteer was met nuwe visuele moontlikhede en daardeur ook kon wegbeweeg van die ou gevestigde kopiërende opvattings wat so sterk in die kunsbeskouinge in ons land gewortel was. Dit beteken dat die Suid-Afrikaanse kunstenaars in die vyftigerjare, soos hul Europese kollegas aan die begin van die eeu, tot nuwe insigte betreffende die beeldende kuns gekom het, naamlik begrip vir die soewereiniteit van kuns en sy verantwoordbaarheid aan sy eie reëls en beginsels; die besef dat kuns klaarblyklik nie slegs op die nabootsing van die herkenbare natuur ingestem is nie.

Die feit dat die kunstenaar steeds meer die suiwer visuele elemente van kuns, nl. lyn, vlak, kleur, tekstuur, vorm, ritme, balans en harmonie, begin verken het en die elemente as selfstandige visuele waardes begin aanwend het, het die herkenbare inhoud van hul kuns toenemend laat verdwyn.

Vir Suid-Afrika het die vrye eksperimentele fase in ons kunsontwikkeling aangebreek, vyftig jaar nadat dié beweging reeds in Europa 'n aanvang geneem het. Vir die posisie van die beeldende kuns in die gemeenskap en die algemene aanvaarding daarvan deur die publiek het dié verandering in benadering 'n radikale breuk beteken. Dit sal naïef wees om te beweer dat daar voor die vyftigerjare algemene aanvaarding van die beeldende kuns bestaan het. Feit is egter dat namate die kunstenaar wegbeweeg het van die natuur en die herkenbare, die gaping tussen kunstenaar en publiek steeds groter begin word het — tot op 'n punt waar die gaping slegs met moeite nou weer vernou kan word.

'n Positiewe uitvloeisel was egter dat die werk van die ouer generasie kunstenaars a.g.v. die doen en late van die jongeres toenemende waardering begin uitlok het, in so 'n mate dat daar selfs na hulle as die "Ou meesters" in ons kuns verwys word.

Vir die beeldende kuns het die verandering in standpunt beteken dat die hele kwessie van kunsskepping 'n duidelike intellektuele beslag gekry het. Omdat die kunstenaar nou nie meer kleur hoofsaaklik of selfs uitsluitlik as nabootsende element gebruik het nie, m.a.w. slegs die kleur van die natuur akkuraat probeer weergee het nie maar nou daaraan moes dink as suiwer visuele waarde in 'n vrye komposisionele opset, het 'n indringende studie van kleurharmonie opnuut nodig geword. Dieselfde het ook ten opsigte van die ander visuele elemente gebeur.

Dit sou juis wees om te beweer dat die Suid-Afrikaanse beeldende kuns sedert die vyftigerjare die pad na volwassenheid betree het. In 'n terugblik op die afgelope bykans dertig jaar kan ons sien hoe ons kuns in die verskeidenheid tegnieke en inhoud ontwikkel het van 'n naïef landelike kuns na 'n hoogs gesofistikeerde vlak, waarvan die beste voorbeelde ook reeds internasionale erkenning ontvang het.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

Die veranderinge in die opset van die beeldende kuns het ook ander nuwe uitdagings aan die kunstenaar gestel. Die toenemend gesofistikeerde ekonomie het weldra 'n verfynde bemarkingstelsel geskep; en bemarking benodig reklame. Die kunstenaar het mettertyd deur die reklamewese sy pad tot midde in die ekonomiese stelsel gevind. Die reklamewese is vandag 'n magtige industrie, waarsonder die ekonomiese bestel waarskynlik nie in dieselfde vorm sal kan voortbestaan nie.

Benewens reklame het industriële ontwerp ook 'n dringende noodsaaklikheid geword as gevolg van die groeiende nywerheidswese, en die ontwerpkunstenaar staan ook hier aan die voorpunt. Dit is haas onmoontlik om die nywerheidswese sonder ontwerpers voor te stel; dit is eweneens onmoontlik om aan enige gebruiksartikel te dink wat nie tot in die fynste besonderhede ontwerp is nie. Al bereik die Suid-Afrikaanse nywerheid ook hoe 'n hoë peil van tegnologiese vernuf, sal ons nie met die gesofistikeerde buitelandse mark kan meeding tensy die ontwerp van ons produkte ook van mededingende gehalte is nie.

Ten spyte van die opgang wat industriële ontwerp wêreldwyd gemaak het, staan die bedryf in Suid-Afrika vandag nog in sy kinderskoene. Dit is egter verblydend dat 'n ontwerpinstituut deur die Suid-Afrikaanse Buro vir Standaarde in die lewe geroep is om die belangrikheid daarvan onder die aandag van Suid-Afrikaanse nyweraars te bring. Dit is dus, gesien in die lig van die gebrek aan belangstelling wat nyweraars tot nog toe in dié belangrike saak getoon het, verstaanbaar dat opleiding in industriële ontwerp in Suid-Afrika beperk is tot twee Technikons. Daar bestaan geen fasiliteite aan ons universiteite vir opleiding in hierdie belangrike komponent van ons industrie nie, in weerwil van die feit dat opleiding wel aangebied word in die aanverwante rigtings, nl. ingenieurswese, argitektuur en die visuele kuns.

In die buiteland het die ontwerpkunstenaar ook deurgedring op die terrein van die argitektuur en grootliks die verantwoordelikheid vir interieurontwerp oorgeneem. Ander terreine, soos landskapsargitektuur, stads- en omgewingsbeplanning, is gebiede waartoe die kunstenaar met groot sukses kan toetree.

Daar was 'n tyd toe die kunstenaar ook boumeester was, nl. toe hy die funksies van die moderne argitek en ingenieur en ook van die stads- en omgewingsbeplanner vervul het. Toenemende spesialisasie het hom geleidelik die diversiteit van sy take ontneem en hom slegs gelaat met dit wat ons vandag as die beeldende kuns beskou: tekenkuns, grafiese kuns, skilderkuns en beeldhoukuns.

Die veranderinge wat deur die eeue ingetree het in die maatskaplik-politiese en ekonomiese bestel van lande, asook die opkoms van die tegnologie, het hom mettertyd ook sy tradisionele opdraggewers ontneem. Die kunstenaar van die twintigste eeu bevind hom, met die moontlike uitsondering van die Staat, sonder 'n identifiseerbare opdraggewer.

Die Bauhaus-beweging in Duitsland, met sy beklemtoning van die interafhanklikheid van kunstenaar, argitek, ingenieur en ontwerper, het



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

moontlik die pad vir die kunstenaar uit sy isolasie aangewys en nuwe deure vir hom oopgemaak. Die tyd het nou aangebreek dat die kunstenaar in Suid-Afrika ook aktief betrek word by die uitbouing en verhoging van die estetiese voorkoms van die omgewing, om sodoende by te dra tot die verbetering van ons lewenstyl.

Die kunstenaar behoort die persoon te wees met die ontwikkelde verbeelding, die skeppende gees. Hy behoort die kenner te wees van kleur en die uitwerking daarvan op die mens; van vorm en vormverhouding; die meester van ontwerp, waarin bogenoemde sinvol toegepas word. Die kunstenaar behoort vanweë sy besondere kennis en vaardighede deel te wees van die argitek- en ingenieursprofessie, van landskaps- en omgewingsbeplanning, van die nywerheid en die ekonomiese samelewing van ons tyd.

Daarmee sal die kunstenaar die een posisie wat hy deur die eeue beklee het, herbevestig, nl. om ook die skepper te wees van verbruikbare kuns.

Die kunstenaar het egter ook 'n ander en veel belangriker rol in die kultuur van die gemeenskap. Hy staan daarin as die skepper van vrye kunswerke. Die kunswerk het oënskynlik geen funksie of bepaalde doel nie. Dit is nie bruikbaar nie, tog is dit skynbaar noodsaaklik. Dit is so noodsaaklik dat daar geen beskawing bestaan het wat nie kunswerke voortgebring het nie. Dit is juis oorblyfsels van kunsvoorwerpe van die ou beskawings wat ons in staat stel om die peil van ontwikkeling van daardie beskawings te evalueer.

Kuns is so oud soos die mensdom. Dit is nou verbonde aan die mens as denkende en skeppende wese; dit hou verband met sy innerlike gevoelslewe; dit is 'n unieke uiting van die mens. Wat die verskynsel kuns presies inhou, is 'n vraag wat geleerdes deur die eeue heen besig gehou het, en geen bevredigende antwoord is tot dusver nog hierop gevind nie. Anders as in die natuurwetenskap, waar definisies skerp getrek kan word, is dit nie so maklik in die geesteswetenskappe nie. Nogtans moet daar gepoog word om dié begrip te definieer.

Benedetto Croce, die negentiende-eeuse Italiaanse filosoof, het kuns gedefineer as "visie of intuïsie".

Kuns is nie 'n fisieke verskynsel nie, nòg 'n nuttigheidsuiting, nòg 'n morele uiting, want kuns is teenoorgesteld aan alles wat prakties is. Kuns word nie gebore deur die wil nie; goeie wil alleen maak van niemand 'n kunstenaar nie. Om dié rede kan ons kuns en kunswerke nie met 'n morele maatstaf meet nie. Kuns is ook nie 'n vorm van begripskennis nie, maar 'n intuïtiewe of gevoelskennis wat teenoor die begrypende of verstandelike kennis bestaan.

Kuns is dus die eenvoudigste en mees elementêre vorm van kennis, wat wel te vergelyk is met die droom, terwyl die filosofie daarnaas dan die wakende toestand sou wees.

Dit staan in teenstelling met die siening van 'n latere geleerde, Herbert Read, wat sê: "Kuns is geordende ekspressie." Kuns is dus nie 'n onwillekeurige uiting van gevoelens, soos bv. 'n plotselinge gil van skrik nie; dit is



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

geordend en word deur die wil en die brein beheers. Die persoonlikheid van die ordende, skeppende mens moet tot uiting kom.

Die twee standpunte verteenwoordig twee uiteenlopende benaderings in die beeldende kuns. Tussenin lê talle ander.

Dit lyk asof geen finale standpunt ingeneem kan word nie, want sou ons dit kon doen, sou ons ook die mens se gees kon afbaken en volledig omskryf.

Vir 'n pragmatiese, materialistiese samelewing is dit dus moeilik om die waarde van kuns te begryp: dit is op stuk van sake nie meetbaar nie, is nie deur die verstand alleen omvatbaar nie en het oënskynlik geen praktiese nut nie. Hoe kan dit dan van belang wees en waarom moet dit aandag geniet?

In 'n tyd waarin die natuurwetenskappe en die tegnologie sulke hoogtes bereik, waarin wetenskaplikes subatomiese strukture bestudeer en interplanetêre reise onderneem, is dit moeilik om te aanvaar dat 'n verskynsel soos kuns nog 'n duistere raaisel kan bly, dat so min omtrent die aard en wese daarvan, die funksie daarvan in die mens se lewe of die geweldige psigologiese krag daarvan aan ons bekend is. Dit is immers 'n uiting van die mens wat selfs ouer is as die geskrewe woord.

Is dit dan moontlik dat ons nie dié verskynsel kan omskryf nie, dat ons nie die doel daarvan kan verklaar nie?

In die kort tyd tot my beskikking kan ek nie dieper hierop ingaan nie en moet ek volstaan met die volgende opmerking: kuns het 'n doel en voldoen aan 'n menslike behoefte. Dit is nie 'n materiële behoefte nie, maar 'n behoefte van die menslike gees. Kuns is onlosmaaklik gekoppel aan die mens se voortbestaan; nie sy fisiese voortbestaan nie, maar dit waarvan sy fisiese voortbestaan afhang: sy bestaansbesef of bewussyn.

Dit is duidelik dat ons in die begrip kuns te doen het met iets wat groter is as wat slegs in praktiese terme beoordeel kan word. Soos die ou Sjinese skilder Su Tung P'O opgemerk het: "As 'n mens by die beoordeling van skilderye alleen die uiterlike gelykenis as maatstaf neem, dan is dit die gesigspunt van knape en kinders."

Die grootste struikelblok vir begrip vir die betekenis van kuns in 'n gemeenskap is 'n pragmatiese lewensbeskouing. In 'n jong en klein gemeenskap soos die van Suid-Afrika is dié probleem wesentliker as in die ou kultuurvolke.

Omdat kuns geen materiële doel dien nie, hou dit volgens die pragmatis min voordeel in vir die volkshuishouding en kan dit derhalwe maar laag op die lys van prioriteite geplaas word.

Waar kuns egter 'n praktiese doel dien, soos in reklame- en in industriële ontwerp, en waar dit in diens van die handel en nywerheid gestel kan word, bestaan daar onmiddellik groter belangstelling daarvoor Dieselfde gebrek aan belangstelling bestaan om dieselfde rede by talle afdelings van die geesteswetenskappe, wat soos die beeldende kuns geen materiële doel nastreef nie. Ons houding in dié verband strook met dié wat aangetref word in enige konsumpsiekultuur.

Dit is daarom ook nie vreemd dat kuns, soos soveel ander geestesweten-



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

skaplike vakke, 'n kwynende vak in ons skoolonderwys is nie. Maar nie net dit nie; kuns geniet in ons volksopset nie die aandag wat dit verdien nie. Mens voel geneig om saam te stem met N P van Wyk Louw as hy opmerk: "Die Afrikanervolk sou in staat wees om vandag, nou dat hy sy krag begin kry, groot wêrelde van die gees vir hom in te suig, soos die jong Europese volke dit hongerig tydens die Renaissance gedoen het. Maar 'n mens vra jou af: doen ons dit?

"Ons sê soms dat ons die Westerse kultuur in Suidelike Afrika verdedig, maar ken ons dit? In elke duim van daardie kultuur is die gouddraad van intellek ingeweef." (Louw, N P van Wyk, Maskers van die Erns, APB, p.55)

Waar staan ons vandag ten aansien van die vak kuns op skool? Daar moet erken word dat die vak op georganiseerde basis aangebied word: daar bestaan 'n uitgebreide sillabus daarvoor. Doelstellinge is geformuleer wat navolgenswaardig is: om die leerling d.m.v. kuns op te voed deur dié waardes voorop te stel wat sy lewe sal verryk en 'n bydrae sal lewer tot die beskouing waarvan hy deel vorm; om sy lewe te verryk deur hom te lei om met bewustheid sy omgewing waar te neem en doelgerig deur persoonlike deelname kunssinnig te kan diskrimineer; om hom toe te rus met kennis, vaardigheid en waardering van kuns, met beklemtoning van oorspronklikheid, (wat dié woord ook al mag beteken); om beroepsmoontlikhede op kunsgebied aan die leerling te verduidelik en om die leerling bewus te maak van die skoonheid van die skepping.

In teorie klink die doelstellings lofwaardig. In die praktyk is dit egter moeilik uitvoerbaar. Die rede daarvoor is dat die onderwyssisteem berus op die verwerwing van prestasie; dat dit 'n puntestelsel is wat sodanig by onderwyser en leerling ingeskerp word dat dit die wese van opvoeding ingrypend aantas. Dit is 'n stelsel wat na verskraling in plaas van verbreding van die kind se ervaringsveld lei. Ons is reeds op skool besig om die basis te lê vir daardie mense wat Van Wyk Louw "daardie droewige verskynseltjie, die twintigjarige spesialis" noem. (Louw, N P van Wyk, Maskers van die Erns, APB, p.55)

Jan Celliers merk tereg op: "Die gevolg van so 'n opvoeding is dat alle heilsame nuuskierigheid en bewondering gesmoor word vir al wat die mens die skoonste gevoel of uitgedink het. Ons leer dat ons daarvan niks meer nodig het nie as om al die mooi dinge op 'n rytjie te sit en te tel — soos pale of bakstene. Ons liefde daarvoor gaan verlore. Die lus vir opvoeding sowel as selfopvoeding gaan verlore. Die room is van die studie afgeskep. Ons kry 'n afkeer van boeke en ondersoek. Ons word geldskrapers en slaan dié dood wat meer wil skraap as ons. Dis ons straf vir die verontagsaming van skoonheidsin, hand-in-hand gaande met kennisdors, — die eg menslike faktor in ons opvoeding." (Celliers, Jan F.E., Kuns in Lewe en Kultuur, Nasionale Pers Bpk, 1933, p.8) Hierdie opmerkings is reeds in 1933 gemaak!

In die Departement Beeldende Kunste kry ons jaarliks die geleentheid om met 'n groot aantal skoliere — voornemende universiteitstudente — te gesels. Baie van die kandidate het kuns as vak op skool gevolg. Sommige het selfs



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

daarin met onderskeiding geslaag. Hulle is egter reeds spesialiste wat slegs in die biografieë van enkele kunstenaars spesialiseer. Hulle weet alles omtrent Pierneef, Maggie Loubser en miskien Stern — behalwe hul kunswerke. Uit die wêreldkuns mag miskien die naam van Michelangelo of Leonardo of Rembrandt opduik — maar dit is die somtotaal van hul kunskennis. Van waardering vir kuns is daar geen sprake nie, want dit is nie vir eksamendoeleindes nodig nie. Slegs die feite omtrent die enkele sg. belangrike figure uit die kunsgeskiedenis word verlang. Geen verdere verbande is nodig nie.

Met die skeppende werk is dit nie beter gesteld nie: 'n stillewe, 'n landskap, 'n herhalingspatroontjie wat ontwerp genoem word; dit is genoeg om jou in staat te stel om in die eksamen te slaag. Toon jy belofte as stilleweskilder, word jy daarin afgerig, spesialiseer jy daarin en slaag jy in die eksamen met lof. Is dit wat ons opvoeding noem?

Pierneef byvoorbeeld, is as persoon slegs belangrik vanweë sy skilderkuns. Hy is belangrik as sy strewes wat hy deur sy kuns openbaar het, gesien word in samehang met die kutuurstrewes van die Afrikaner op 'n bepaalde tydstip in sy ontwikkelingsgeskiedenis. Dieselfde is waar van die ander kunssoorte: die digkuns, die skryfkuns, musiek, ens. Soms sal iets op die gebied van die kuns geskep word wat bo die normale volksverband uitstyg en universeel in gees en karakter word. Waar kuns dié punt bereik waar dit losgemaak word van die ideale en die strewes van 'n bepaalde volk, waar dit loskom van die geskiedenis van 'n volksgroep, vorm dit weer deel van die ideale van die mensdom. Kuns staan nooit los nie, dit is nooit verbandloos nie. Om hierdie verbande met die volk of met die groter beskawing aan te toon, is na my mening belangrik in die opvoedingsituasie. Indien ons die tersaaklikheid van die werk van 'n Loubser, 'n Stern, 'n Pierneef vir ons eie kultuurontwikkeling duidelik en sinvol kan voorstel, die verbande met ons musiek, ons letterkunde, ons digkuns, ons volksaard en ons strewes kan uitwys, slegs dan kry die werk 'n betekenis as integrerende deel van ons geskiedenis en daarom ook ons daaglikse bestaan. Dieselfde is waar van 'n Shakespeare, 'n Mozart, 'n Beethoven, 'n Michelangelo en 'n Da Vinci. Die feit dat in so baie gevalle 'n lewenslange afkeer van Shakespeare, Conrad en talle van ons eie Afrikaanse skrywers deur ons skoolonderwys bewerkstellig word, is verdoemende getuienis teen die onderwysstelsel.

Om sg. kunstegnici van kinders op skool te wil maak, het met kunsopvoeding niks te doen nie. Tog is dit wat gebeur waar ons kinders afrig om 'n stillewe, 'n portret of 'n onsinnige herhalingspatroontjie te maak met die uitsluitlike doel om daardeur in 'n eksamen aan die einde van die jaar te slaag. Kuns bied die moontlikheid om die kind te vorm tot volkome menswees; hom te lei tot 'n skeppende lewe; sy skeppingsdrang verder te stimuleer en sinvol te verbreed; hom te lei tot verbeeldingrykheid, nuuskierigheid en groter lewensondervinding. Kuns is een van 'n groot aantal komponente in die opvoedingsproses wat lei tot volwassenheid, en dit is 'n onmisbare komponent.

Waar staan kuns in die hiërargie van sogenaamde skoolvakke? In feite is



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

dit een van die minder belangrike vakke; een van die kwynende vakke wat skynbaar sonder erg darem nog deur ons onderwysowerhede geduld word.

Wat is die rede hiervoor? Myns insiens dieselfde as dié waarom ook ander vakke van die geesteswetenskappe vandag kwynende vakke is, nl. dat dit op die oog af weinig of niks tot die beroepsopleiding van die skolier bydra nie. Hoe dikwels hoor 'n mens nie die opmerking dat 'n kunstenaar geen bestaan uit sy kuns kan voer nie, of dat kunsopleiding sinneloos is omdat dit onvoldoende of geen beroepsmoontlikhede bied aan die persoon wat dit bestudeer nie. Hierdie houding hou direk verband met ons kortsigtige opvatting van opvoeding. Dit is verontrustend om te besef dat ook wat ons opvoeding betref, die gees van pragmatisme en stofverafgoding, wat reeds so deel van ons daaglikse bestaan uitmaak steeds sterker deurskemer.

Dit is egter onredelik om die redes vir die bestaande tekortkominge in die opvoedingsituasie slegs aan die voete van die beleidsmakers te wil lê. Myns insiens het ons as akademici ook skuld aan dié toedrag van sake. Ons het ook in groot mate vasgevang geraak in die neiging om studente té vroeg te laat spesialiseer, om ook ons onderskeie vakgebiede as geïsoleerde elemente te beskou.

Ons besef nie altyd dat verwante vakgebiede van mekaar afhanklik is en dat dié onderlinge ineenstrengeling ons vakgebiede nie verswak nie maar juis versterk.

Hierdie interafhanklikheid van verwante vakgebiede word gevolglik nie dikwels en indringend genoeg bespreek nie en die aandag van ons onderwysowerhede word nie op die belangrikheid daarvan gevestig nie. Die tyd het m.i. aangebreek om ernstig oor hierdie sake na te dink en veral iets konstruktiefs te doen aan daardie aspekte wat ons steeds verder en verder wegdryf van die ideale van die ware opvoedingsproses en van dit wat ons as beskawing aanvaar. As hierdie sake van pertinente belang is vir ons skoolonderwys, is dit wat die geesteswetenskappe betref ook van wesentlike belang vir die tersiêre onderwys.

Hoekom is die kwessie van behoorlike kunsopvoeding so belangrik vir 'n gemeenskap? Omdat kuns tot die hoogste waardes van kultuur gereken word. Kuns het 'n beskawende, vormende invloed op die mens. Dit bevorder individualisme, dit beklemtoon die spesifieke teenoor die algemene.

Blootstelling aan kuns leer die mens om waar te neem, leer hom om te sien, en ontwikkel sy aanvoeling vir vorm en kleur. Bowenal word hy deur kuns gekonfronteer met die estetiek; — die skoonheidsleer. Deur kuns word die mens kultuurmens, die gemeenskap 'n kultuurgemeenskap. Studie van kuns verskerp die kritiese vermoë en die onderskeidingsvermoë van die mens, en sonder die vermoë om te kan onderskei tussen goeie en swak smaak word ons maklik die slagoffers van 'n massakultuur. Massakultuur heilig in wese populêre smaak; dit voorsien slegs in die behoefte van die sg. man op straat.

Kuns is in sy wese 'n strewe na skoonheid en 'n soeke na waarheid. Daarom werk dit verheffend op die mens in. Kuns is nooit alledaags nie, en



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

daarom ook nooit populêr nie. Kunskultuur is die direkte teenpool van die massakultuur.

In 'n kultuurbewuste gemeenskap word 'n gesonde balans tussen die verhewe en die populêre gehandhaaf. Dit is egter verontrustend om op te merk dat in die Westerse wêreld, en ook in Suid-Afrika, daar meer en meer toegegee word aan die populêre smaak. Dit word gesien in die pers, waar sensasionele beriggewing hoogty vier, in die kwaliteit van 'n groot deel van ons radio- en televisieprogramme, en ook in die plaaslike filmindustrie. Die voor die hand liggende doel is die bevrediging van die massasmaak. Massaproduksie, ten spyte van die ekonomiese noodsaaklikheid daarvan wat elke regdenkende mens moet erken, het dié nadeel dat dit 'n gelykmakingsproses is en as sodanig die massasmaak erken. In so 'n kultuurbestel is 'n sin vir balans en perspektief noodsaaklik om vir die skeppende kultuur 'n bestaan te verseker.

Dit is m.i. 'n aanklag teen ons Suid-Afrikaanse gemeenskap dat die kuns in hierdie verligte tye waarin ons lewe hom in 'n bedreigde posisie bevind, dat ons kunstenaars figuurlik gesproke "bedelaars" van ons volk is, dat digbundels wat verskyn geloofsdade van uitgewers is, dat ons ernstige komponiste vergete mense is wie se bydrae tot ons kultuurbesit selde indien ooit gehoor word. Dit is 'n aanklag teen ons dat ons histories waardevolle geboue goedsmoeds kan afbreek om plek te maak vir komplekse van staal en beton; dat ons die besondere kan aftakel en vervang deur die algemene. Dit is die prys wat ons betaal vir die verwaarlosing van die skeppende kultuur en die aanhang van die materialisme.

Die verwaarlosing van die beeldende kuns in ons samelewing is 'n bron van groot kommer. Ons kan maar slegs na een voorbeeld kyk, nl. die verbetering van ons daaglikse omgewing deur die aanbring van kunswerke.

Daar bestaan by ons geen wesentlike behoefte daaraan om openbare geboue en parke met kunswerke te versier nie. Alhoewel daar in beginsel besluit is dat in groter bouprojekte voorsiening gemaak moet word vir die aanbring van kunswerke, is die kunswerk juis daardie item wat by die eerste teken van ekonomiese druk as luukse beskou en dus geskrap word. As daar gelet word op die persentasie geboue wat in die afgelope dekade in Suid-Afrika opgerig is en waarin Suid-Afrikaanse kunstenaars betekenisvol verteenwoordig is, kom die belaglikheid van hierdie poging tot die ondersteuning van die beeldende kuns duidelik na vore.

Op die oomblik heers daar 'n polemiek oor die oprigting van 'n beeldhoustuk deur Steynberg by een van die geboukomplekse wat pas voltooi is. 'n Beeldhouwerk van een van ons bekende beeldhouers word as 'n luukse beskou! Ons het reeds gewoond geraak aan die publieke reaksie op die oprigting van beeldhouwerke hier te lande. Daar was die geweldige reaksie teen die Smuts-beeld in Kaapstad, die rumoer om die beeld van Pritchard in Pretoria enkele jare gelede, en nou die lawaai oor die oprigting van die Steynberg-beeld. Die klagte is ook altyd dieselfde: òf die kunswerk is te duur en dus 'n verkwisting van die belastingbetaler se swaarbekomde geldjies, òf



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

die werk is in stryd met die morele waardes van die volk.

Die koste van dié beeld, terloops, is slegs 'n fraksie van die bedrag wat aan 'n Curriebeker-rugbywedstryd enige plek in die land spandeer word. As ons praat van balans in die doen en late van 'n gemeenskap, moet ook in dié opsig balans bewaar word. Dit is opvallend dat ons tot dusver nog nie kritiek teen beelde of openbare kunswerke gehad het vanweë estetiese of bloot tegniese oorweginge nie.

Indien daar gelet sou word op dié twee punte, sou die kwaliteit van ons openbare kuns aansienlik hoër wees. Dit sou nie kon gebeur dat 'n swak werk soos die Mittford-Baberton beeld van Smuts in Kaapstad ooit opgerig sou word nie. Nader aan eie tuiste, hier in ons stad, het ons 'n versameling onaanvaarbare openbare beeldhouwerke wat sekerlik moeilik oortref kan word. Ons hoef slegs te kyk na die esteties onbevredigende Strijdom-kop en die onplesierigheid van die hele argitektoniese samestelling van dié plein as sodanig om te sien dat die estetiese verminking van die stad die inwoners weinig skeel. Kyk ons na die pas opgerigte gedenkteken vir gevalle soldate by Fort Klapperkop, dan besef ons dat ons mense geen erg het aan betekenisvolle en esteties bevredigende openbare beeldhoukuns nie.

Kyk na ons parke, na ons openbare geboue, na die stad in die algemeen en ons sien dat die beeldende kuns daarin bykans geen rol speel nie.

Alles in ag genome, blyk dit dat die gemiddelde Suid-Afrikaner geen erg het aan die beeldende kuns nie. Vergelyk ons dié toestand met lande oorsee, staan die Suid-Afrikaanse opset in skrille kontras daarmee. Dit is in 'n land soos Brittanje die beleid van 'n staatsinstelling soos die British Arts Council om hul gevestigde kunstenaars te ondersteun en hul kunsskeppinge aan te koop vir geboue en vir parke. Dit is hul beleid om jong kunstenaars finansieel te ondersteun en hulle sodoende in staat te stel om hul skeppende werk te kan voortsit in belang van die volk self. Die voortbrengsels van hul kunstenaars is die trotse besit van die hele volk. Hul werk word versamel en oorsee uitgestal as voorbeelde van die Britse kultuurbesit.

So het ons reeds in Suid-Afrika talle reisende versamelings van Britse werke gesien: — onlangs nog in Pretoria 'n puik versameling faksimilees van die kunstenaar Blake en 'n versameling waterverfwerke deur die kunstenaar Turner. Hierdie benadering kom voor by al die beskaafde volke van Europa. Dit is nie 'n geforseerde gebruik nie; dit is 'n natuurlike deel van enige beskaafde volk se normale leefwyse. Die antwoord op hierdie stelling sal seker wees: ja, maar Suid-Afrika is 'n jong land met 'n jong kultuur; ons het nie die eeuelange tradisie om te versamel en te bewaar nie. Die antwoord daarop is: juis daarom moet daadwerklike stappe nou gedoen word om ons mense in dié opsig op te voed. Tot tyd en wyl ons die punt bereik waar mense uit eie belangstelling en kultuurbewustheid hul deel sal bydra en die uitbouing van ons kultuur hul erns sal maak, moet die Staat en die provinsiale en stadsowerhede die verantwoordelikheid aanvaar om toe te sien dat die jong kultuur van hierdie land nie doodgeïgnoreer word nie.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

Die tyd het aangebreek om die behoud van die beeldende kuns op georganiseerde wyse te verseker. In teenstelling met die uitvoerende kunste, wat deur die provinsiale owerhede gesubsidieer word en terwille van die bevordering daarvan in Rade vir die Uitvoerende Kunste georganiseer is, bestaan daar bykans geen direkte finansiële steun vir die beeldende kuns, nòg van die sentrale regering nòg van die provinsiale owerhede nie. Die tyd is ryp om ook rade vir die beeldende kuns in die lewe te roep om dié kunsrigting sodoende finansieel te ondersteun en te bevorder.

As ons 'n staatsdepartement van Sport en Ontspanning kan bekostig, is dit sekerlik nie te veel gevra om 'n volwaardige staatsdepartement vir die kunste met 'n eie minister aan die hoof daarvan in die lewe te roep nie. As dit ons erns is om die Suid-Afrikaanse gemeenskap as gesonde en volwasse gemeenskap te sien ontwikkel, dan is die belegging in sy langtermyn- geestelike opheffing gebiedend noodsaaklik, is dit nodig om te besef dat balans en perspektief noodsaaklike komponente is van 'n gesonde volkshuishouding.

Pragmatisme en materialisme is korttermynverskynsels. Dit is die filosofie van 'n volk wat reeds oorgegee het. Ek wil soos Bouman sê: "Slegs één groot strewe, één groot ideaal is in staat om 'n volk te verhef tot die pyl waarop die lewe stylvol word. Die kuns weerspieël daardie grootheid ..." Een van ons politici het opgemerk dat om te oorlewe sonder om sinvol te lewe ons nie veel sal baat nie. 'n Sinvolle lewe is 'n leefwyse waarin balans gehandhaaf word; waarin die belangrikheid van die natuurwetenskappe nie bo die geesteswetenskappe gestel word nie, of vice versa; waar ontspanning nie verhef word tot die vlak van die skeppende kultuur nie; waarin daar nie gestreef word na fisieke fiksheid sonder geestelike fiksheid nie; waarin die belangrike bydrae van die kunstenaar, die skilder en beeldhouer, die musikus en die skrywer, die teatermense, die wetenskaplikes en die skeppende-denkende mense op soveel terreine van die samelewing met dieselfde trots bejeën sal word as dié van die sporthelde. Ons het hierdie punt van volwassenheid nog nie bereik nie. Die gevaar is dat, tensy ons met groter verantwoordelikheid na die saak kyk, ons daardie punt ook nie in die afsienbare toekoms sal bereik nie; dat ons miskien selfs lewenslank gedoem sal wees tot 'n konsumpsiekultuur.

As ons balans en perspektief in ons daaglikse lewe verloor het, is dit slegs die prys wat ons betaal vir die jarelange afskeep van balans in die volk se opvoeding. Die tragedie is dat dit met ons in Suid-Afrika soveel anders gesteld kon gewees het, as ons maar net, soos Van Wyk Louw gesê het, 'n denkende en skoonheidsbewuste volk was.

As daar gelet word op die algemene stand van die beeldende kuns in hierdie land en na die posisie van die kunste in die algmeen, is dit duidelik dat 'n enorme verantwoordelikheid rus op die Departement Beeldende Kunste aan die Universiteit en soortgelyke departemente aan ander universiteite en Technikons, en op die onderwysowerhede in die algemeen. Dit is m.i. verkeerd om na die vroeë kunstenaars hier te lande te verwys as die sg. pioniers. In werklikheid is ons wat vandag op die kunsskeppingsterrein aktief is



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

of in die bevoorregte posisie verkeer om met die opvoeding van ons jeug gemoeid te wees, die ware pioniers op hierdie gebied. Dit is ons verantwoordelikheid om leiding te neem en dié belangrike deel van ons skeppende kultuur te bevorder, nie met vermanende woorde nie, maar met dade in die gemeenskap — met die wete dat 'n deurbraak nie oornag bewerkstellig kan word nie, en dat selfs nie al die lae van die bevolking dan bereik sal kan word nie. Ook òns moet die nodige balans aan die dag lê.

Dit is ons taak om toe te sien dat die onderwysowerhede met nuwe insig en begrip na die kwessie van kuns as skoolvak kyk; dit is ons taak om in duidelike taal en met heldere argumente die belangrikheid van die kunssaak te stel. Dit is ook ons taak om, waar ons verantwoordelik is vir die opleiding van kunsonderwysers, toe te sien dat ons nie tegnici nie maar volwaardig gevormde kultuurmense aan die onderwysprofessie lewer — mense wat breed genoeg in visie is om die verbande te kan trek waarsonder die beeldende kuns in die opvoeding nie tot sinvolle ontplooiïng kan kom nie.

Ons moet nooit uit die oog verloor nie dat, tesame met die uitbouing van die tegniese vermoë van ons studente in die beeldende kuns, ons ook besig is met 'n groter opvoedingstaak, dat ons inderdaad besig is om persone te help om sinvol te kan lewe.

Om dié taak te kan verrig, is dit noodsaaklik om onsself ook in perspektief te sien; om te besef dat ons 'n pionierstaak het om te vervul. Ons moet besef dat indien ons enigsins sukses wil behaal, ons deel van die gemeenskap is en moet bly. Pierneef het gesê dat 'n mens maar op dieselfde karretjie as die volk moet ry as jy in 'n dienende posisie staan. Daarmee bedoel ek nie dat ook ons moet toegee aan populariteit nie; verre daarvan. Ons moet onsself egter nie, soos maar alte dikwels gebeur omdat dit die maklike uitweg is, van die gemeenskap distansieer en onsself in 'n ivoortorinkie verskans nie. Ons kan die luukse van onbetrokke toeskouers wees nie bekostig nie, nóg minder die rol van hooghartige kritici. Hierdie houdings is albei negatief en loop op niks uit nie. Dit is belangrik dat ons moet besef dat ons hier 'n taak het om te vervul wat anders is as dié in die ou kultuurlande. Ons moet die heersende toestand op kunsgebied aanvaar en vandaar na iets groters beweeg. Ek is maar alte bewus daarvan dat van ons groot kunstenaars in die verlede in opstand gekom het teen hierdie benadering en dat hulle na jare van inspanning uit radeloosheid uiteindelik maar wou tou opgooi. Dit lyk vir my egter asof daar weinig ander weë bestaan as om volgens stelselmatige oortuiging ons opvoedingstaak uit te voer. Maar hierdie pogings het ook die ondersteuning van 'n versiende en 'n welmenende owerheid nodig wat dit in woord en daad onderskraag.

Ons het ook versiende en ingeligte dosente nodig om die taak aan te voor; dosente wat eerstehandse kennis besit van die kunsbesit van die ou kultuurlande en van kultuurverskynsels in die algemeen; wellewende mense wat sinvol ons situasie hier kan opsom en rigting aan ons kunsontwikkeling kan gee.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

Om dié dosente te vorm, is dit nodig om hulle finansieel te ondersteun ten einde dit vir hulle moontlik te maak om op gereelde basis kontak te behou met die buitelandse kunsopset.

Dit is reeds geruime tyd 'n behoefte, maar nou 'n noodsaaklikheid, dat die persone wat gemoeid is met die kunsopvoeding van ons skoolonderwys tot op tersiêre vlak, hetsy in die kunsgeskiedenis of in die beeldende kunste, bymekaar moet kom om die toekoms van die vak te bespreek. Dit is verder nodig dat ons breër kyk en ook die verwante kunste en die kultuurgeskiedenis by so 'n bespreking betrek. Ons is per slot van sake besig met dieselfde kultuurgoed. 'n Vak wat nie bespreek word nie, is in elk geval 'n dooie vak.

## SYNOPSIS

The development of art in South Africa barely spans 100 years. Many artists from Holland, England, Germany and France, together with their colleagues in South Africa, helped to develop it to the present level. Only during the 'fifties did local artists shake off the nineteenth-century traditions which persisted and brought the local art scene more in line with developments in Europe and the United States of America. From this time, South African art became less dependent and more mature.

Fine art has a very definite social function. It satisfies a basic human need, and in the more practical sense design forms an important part of the socio-economic structure of society as a whole. Art is an essential component of the communications system of a society.

Art, viewed in this light, should be re-examined and seen as an indispensable component of any educational system because of its ennobling and formative influence on man.

Further, as a communications medium, art should have a more highly rated position — as a vital element without which society in its present form could not continue to function.

It is a fact that art is not accorded its rightful place in South Africa. An example of this is its neglected position in the school situation and the general lack of insight and interest shown by both the State and society.

It is part and parcel of the task of a Department of Fine Arts to endeavour to surmount these shortcomings by definite action and leadership. For this reason it is essential that this department and others sharing a common interest (e.g. Art History and Cultural History), should come together to discuss in depth the future and position of the arts. A subject that is no longer discussed is a dead subject.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

## PUBLIKASIES IN DIE REEKS VAN DIE UNIVERSITEIT

1 "Gids by die voorbereiding van wetenskaplike geskrifte — Dr P C Coetzee
2 "Die Aard en Wese van Sielkundige Pedagogiek" — Prof B F Nel
3 "Die Toenemende belangrikheid van Afrika" — Adv E H Louw
4 "Op die Drumpel van die Atoomeeu" — Prof J H v d Merwe
5 "Livestock Philosophy" — Prof J C Bonsma
6 "The Interaction Between Environment and Heredity" — Prof J C Bonsma
7 "Verrigtinge van die eerste kongres van die Suid-Afrikaanse Genetiese Vereniging — Julie 1958"
8 "Aspekte van die Prysbeheersingspolitiek in Suid-Afrika na 1948" — Prof H J J Reynders
9 "Suiwelbereiding as Studieveld" — Prof S H Lombard
10 "Die toepassing van fisiologie by die bestryding van Insekte" — Prof J J Matthee
11 "The Problem of Methaemoglobinaemia in man with special reference to poisoning with nitrates and nitrites in infants and children" — Prof D G Steyn
12 "The Trace Elements of the Rocks of the Bushveld Igneous Comples. Part I" — Dr C J Liebenberg
13 "The Trace Elements of the Rocks of the Bushveld Igneous Complex. Part II. The Different Rock Types" — Dr C J Liebenberg
14 "Protective action of Fluorine on Teeth" — Prof D G Steyn
15 "A Comparison between the Petrography of South African and some other Palaeozoic Coals" — Dr C P Snyman
16 "Kleinveekunde as vakrigting aan die Universiteit van Pretoria" — Prof D M Joubert
17 "Die Bestryding van Plantsiektes" — Prof P M le Roux
18 "Kernenergie in Suid-Afrika" — Prof A J A Roux
19 "Die soek na Kriteria" — Prof A P Grové
20 "Die Bantoetaalkunde as beskrywende Taalwetenskap" — Prof E B van Wyk
21 "Die Statistiese prosedure: teorie en praktyk" — Prof D J Stoker
22 "Die ontstaan, ontwikkeling en wese van Kaak-, Gesigs- en Mondchirurgie" — Prof P C Snijman
23 "Freedom — What for" — K A Schrecker
24 "Once more — Fluoridation" — Prof D G Steyn
25 "Die Ken- en Werkwêreld van die Biblioteekkunde" — Prof P C Coetzee
26 "Instrumente en Kriteria van die Ekonomiese Politiek n.a.v. Enkele Ondervindinge van die Europese Ekonomiese Gemeenskap" — Prof J A Lombard
27 "The Trace Elements of the Rocks of the Alkali Complex at Spitskop, Sekukuniland, Eastern Transvaal" — Dr C J Liebenberg
28 "Die Inligtingsprobleem" — Prof C M Kruger
29 "Second Memorandum on the Artificial Fluoridation of Drinking Water Supplies" — Prof D G Steyn
30 "Konstituering in Teoreties-Didaktiese Perspektief" — Prof F van der Stoep
31 "Die Akteur en sy Rol in sy Gemeenskap" — Prof Anna S Pohl
32 "The Urbanization of the Bantu Homelands of the Transvaal" — Dr D Page
33 "Die Ontwikkeling van Publieke Administrasie as Studievak en as Professie" — Prof J J N Cloete
34 "Duitse Letterkunde as Studievak aan die Universiteit" — Prof J A E Leue
35 "Analitiese Chemie" - Prof C J Liebenberg
36 "Die Aktualiteitsbeginsel in die Geologiese navorsing" — Prof D J L Visser
37 "Moses by die Brandende Braambos" — Prof A H van Zyl
38 "A Qualitative Study of the Nodulation Ability of Legume Species: List 1" — Prof N Grobbelaar, M C van Beyma en C M Todd
39 "Die Messias in die saligsprekinge" — Prof S P J J van Rensburg
40 Samevattings van Proefskrifte en Verhandelinge 1963/1964



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

41 "Universiteit en Musiek" – Prof J P Malan
42 "Die Studie van die Letterkunde in die Bantoetale" – Prof P S Groenewald
43 Samevattings van Proefskrifte en Verhandelinge 1964/1965
44 "Die Drama as Siening en Weergawe van die Lewe" – Prof G cronjé
45 "Die Verboude Grond in Suid-Afrika" – Prof D G Haylett
46 "'n Suid-Afrikaanse Verplegingscredo" – Prof Charlotte Searle
47 Samevattings van Proefskrifte en Verhandelinge 1965/1966
48 "Op soek na Pedagogiese Kriteria" – Prof W A Landman
49 "Die Romeins-Hollandse Reg in Oënskou" – Prof D F Mostert
50 Samevattings van Proefskrifte en Verhandelinge 1966/1967
51 "Inorganic Fluoride as the cause, and in the prevention and treatment, of disease" – Prof Douw G Steyn
52 "Honey as a food and in the prevention and treatment of disease" – Prof D G Steyn
53 "A check list of the vascular plants of the Kruger National Park" – Prof H P van der schijff.
54 "Aspects of Personnel Management" – Prof F W Marx
55 "Samevattings van Proefskrifte en Verhandelinge 1967/1968
56 "Sport in Perspektief" – Prof J L Botha
57 "Die Huidige Stand van die Gereformeerde Teologie in Nederland en ons Verantwoordelikheid" – Prof J A Heyns
58 "Onkruide en hul beheer met klem op chemiese beheer in Suid-Afrika" – Prof P C Nel
59 "Die Verhoudingstrukture van die Pedagogiese Situasie in Psigopedagogiese Perspektief" – Prof M C H Sonnekus
60 "Kristalhelder Water" – Prof F A van Duuren
61 "Arnold Theiler (1867–1936) – His Life and Times" – Dr. Gertrud Theiler
62 "Dr Hans Merensky – Mens en Voorbeeld" – Prof P R Skawran
63 "Geskiedenis as Universiteitsvak in Verhouding tot ander Vakgebiede" – Prof F J du Toit Spies
64 "Die Magistergraadstudie in Geneeskundige Praktyk (M Prax Med) van die Universiteit van Pretoria" – Prof H P Botha
65 Samevattings van Proefskrifte/Verhandelinge 1968/1969
66 "Kunskritiek" – Prof F G E Nilant
67 "Anatomie – 'n Ontleding" – Prof D P Knobel
68 "Die Probleem van Vergelyking en Evaluering in die Pedagogiek" – Prof F J Potgieter
69 "Die Eenheid van die Wetenskappe" – Prof P S Dreyer
70 "Aspekte van die sportfisiologie en die Sportwetenskap" – Dr G W v d Merwe
71 "Die rol van die Fisiologiese Wetenskappe as deel van die Veterinêre Leerplan" – Prof W L Jenkins
72 "Die rol en toekoms van Weidingkunde in Suid-Afrikaanse Ekosisteme" – Prof J O Grunow.
73 "Some Problems of Space and Time" – Mnr K A Schrecker
74 "Die Boek Prediker – 'n Smartkreet om die Gevalle Mens" – Prof J P Oberholzer
75 Titels van Proefskrifte en Verhandelinge ingedien gedurende 1969/1970; 1970/1971 en 1971/1972
76 "Die Akademiese Jeug is vir die Sielkunde meer as net 'n Akademiese Onderwerp" - Prof D J Swiegers
77 "'n Homiletiese Herwaardering van die Prediking vanuit die Gesigshoek van die Koninkryk" – Prof J J de Klerk
78 "Analise en Klassifikasie in die Vakdidaktiek" – Prof C J van Dyk
79 "Bantoereg: 'n Vakwetenskaplike Terreinverkenning" – Prof J M T Labuschagne
80 Dosentekursus 1973 – Referate gelewer tydens die Dosentekursus 30 Jan – 9 Feb 1973
81 "Volkekunde en Ontwikeling" – Prof R D Coertze
82 "Opleiding in Personeelbestuur in Suid-Afrika" – Prof F W Marx
83 "Bakensyfers vir diereproduksies" – Prof D R Osterhoff



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

84 "Die Ontwikkeling van die Geregtelike Geneeskunde" — Prof J Studer
85 "Die Liggaamlike Opvoedkunde: Geesteswetenskap?" — Prof J L Botha
86 Dosentekursus: 1974 — Referate gelewer tydens die Dosentekursus 4—7 Feb 1974
87 "Die opleiding van die mediese student in Huisartskunde aan die Universiteit van Pretoria" — Prof H P Botha
88 "Opleiding in bedryfsekonomie in die huidige tydvak" — Prof F W Marx
89 "Swart arbeidsregtelike verhoudings, quo vadis?" — Prof S R van Jaarsveld
90 "The Clinical Psychologist: Training in South Africa. "A report on a three-day invitation conference: 11—13 April 1973
91 "Studie van die Letterkunde in die Taalonderrig" — Prof L Peeters
92 "Gedagtes rondom 'n Kontemporêre Kerkgeskiedenis — met besondere verwysing na die Nederduits Gereformeerde Kerk" — Prof P B van der Walt
93 "Die funksionele anatomie van die herkouermaag — vorm is gekristaliseerde funksie" — Prof J M W le Roux
94 Dosentekursus 1975 — Referate gelewer tydens die Dosentekursus 27 Januarie — 6 Februarie 1975
95 ""n Nuwe benadering tot die bepaling van die koopsom in die geval van 'n oorname" — Prof G van N Viljoen
96 "Enkele aspekte in verband met die opleiding van veekundiges" — Prof G N Louw
97 "Die Soogdiernavorsingsinstituut 1966—1975"
98 "Prostetika: 'n doelgerigte benadering" — Prof P J Potgieter
99 "Inligtingsbestuur" — Prof C W I Pistoriua
100 "Is die bewaring van ons erfenis ekonomies te regverdig"? — Dr Anton Rupert
101 "Kaak-, Gesigs- en Mondchirurgie — Verlede, Hede en Toekoms" — Prof J G Duvenage
102 "Keel-, Neus- en Oorheelkunde — Hede en Toekoms" — Prof H Hamersma
103 Dosentesimposia 1975
104 "Die Taak van die Verpleegonderwys" — Prof W J Kotzé
105 "Quo Vadis, Waterboukunde?" — Prof J P Kriel
106 "Geregtelike Geneeskunde: Die Multidissiplinêre Benadering" — Prof J D Loubser
107 "Huishoudkunde — Waarheen?" — Prof E Boshoff
108 Dosentekursus 1976 — Referate gelewer tydens die Dosentekursus 29 Januarie — 4 Februarie 1976
109 Tweede H F Verwoerd-gedenklesing gehou deur die Eerste Minister Sy Edele B J Vorster
110 Titels van proefskrifte en verhandelings ingedien gedurende 1972/73; 1973/74 en 1974/75 en wetenskaplike publikasies van personeellede vir die twaalf maande eindigende op 15 November 1975
111 "Ortodonsie — 'n Oorsig en waardebepaling" — Prof S T Zietsman
112 "Rede gelewer by die Ingebruikneming van die Nuwe Kompleks vir die Tuberkulose-navorsingseenheid van die MNR" — Prof H W Snyman
113 "Die gebruik van Proefdiere in Biomediese Navorsing, met spesiale verwysing na Eksperimentele Chirurgie" — Prof D G Steyn
114 "Die Toekoms van die Mynboubedryf in Suid-Afrika" — Prof F Q P Leiding
115 "Van Krag tot Krag" — Dr Anton Rupert
116 "Carnot, Adieu!" — Prof J P Botha
117 ""n Departement van Hematologie — Mode of Noodsaak" — Prof K Stevens
118 "Farmaka en Farmakologie: Verlede, Hede en Toekoms" — Prof De K Sommers
119 "Opleiding in elektrotegniese Ingenieurswese — Deurbraak of Dwaling?" — Prof L van Biljon
120 "Die Röntgendiagnostiek voor 'n Nuwe Uitdaging — die Toegepaste Fisiologie" — Prof J M van Niekerk
121 "Die Algemene sisteemteorie as Uitgangspunt by die Beplanning van 'n Basiese Biblioteek- en Inligtingkundige Opleidingsprogram" — Prof M C Boshoff
122 Dosentekursus: 1977



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

123 "Hulpverlening aan kinders met leerprobleme" — Prof P A van Niekerk
124 "Tuinboukunde Quo Vadis" — Prof L C Holtzhausen
125 "Die plek en toekomstaak van 'n Departement Huisartskunde in 'n Fakulteit van Geneeskunde" — Prof A D P van den Berg
126 "Titels van proefskrifte en verhandelings ingedien gedurende 1975/76 en wetenskaplike publikasies van personeellede vir die twaalf maande eindigende op 15 November 1976
127 "Landbouvoorligting by die kruispad — Uitdagings vir Agrariese Voorligting as Universiteitsdepartement" — Prof G H Düvel
128 "Die ontplooiing van Rekenaarwetenskap as 'n funksie van evolusie op Rekenaargebied" — Prof R J van den Heever
129 "Die rol van navorsing in die opleiding en ontwikkeling van die akademiese chirurg" — Prof C J Mieny
130 "Sport and somatology in Ischaemic Heart Disease" — Prof P j Smit
131 Dosentekursus 1978
132 "'n Beter Toekoms" — Dr Anton Rupert
133 Toespraak gelewer by geleentheid van die Lentepromosieplegtigheid van die Universiteit van Pretoria op 8 September 1978 — Mnr J A Stegmann, Besturende Direkteur van Sasol.
134 "Geologie in 'n toekoms van "Beperkte" Hulpbronne — Prof G von Gruenewaldt
135 Titels van proefskrifte en verhandelings ingedien gedurende 1976/77 en wetenskaplike publikasies van personeellede vir die twaalf maande eindigende op 15 November 1977
136 "Die Kind met Spesifieke Leergestremdhede" — Proff P A van Niekerk en M C H Sonnekus
137 "Sensore en Tensore" — Prof N Maree
138 "Die Godsdienswetenskappe en die Teologie" — Prof P J van der Merwe
139 "Dierefisiologiese navorsing aan die Universiteit van Pretoria (1928—1978) — Prof J F W Grosskopf
140 "Titels van proefskrifte en verhandelings ingedien gedurende 1977/78 en wetenskaplike publikasies van personeellede vir die twaalf maande eindigende op 15 November 1978"
141 "Behoeftebepaling en doelformulering in die Opvoeding, Onderwys en Opleiding" — Prof F J Potgieter
142 "Klein sake is 'Grootsake'" — Dr. Anton Rupert.
143 "Die Pad Vorentoe" — Prof W E G Louw.
144 Referate gelewer tydens die jubileumjaarviering — Prof P S Dreyer.
145 "Die gebruikmaking van Kies-en-keur en invulvraestelle" — lesing gelewer tydens 'n kursus vir dosente op 19 en 20 April 1979 en 22 en 23 Oktober 1979
146 "Survey of Disease Patterns in Transkei and the Ciskei" — E Rose, W G Paynes and P J Kloppers
147 "Die Ortopedagogiek as Praktykgerigte Pedagogiek perspektief" — Prof P A van Niekerk.
148 "Die rol van Kernkrag gesien teen die agtergrond van die energietekort in die wêreld" — Dr A J A Roux.
149 "Exchange lists for selected Protein Diets" — Mev J M Crous
150 "Die Universiteit van Pretoria se bydrae tot die Dierefisiologiese Vakliteratuur (1930-1980) — J F W Grosskopf, J D Skinner en S Christa Daffüe.
151 "Professors' Dilemma. Problems, Polemics and Politics in University Departments of English" — Prof. P.J.H. Titlestad.
152 "Ortopedie, Die Ortopeed en die mens" — Prof R P Gräbe.
153 "Die rol van Fisika in die moderne gemeenskap" — Prof E K H Friedland.
154 "Interne geneeskunde: Wetenskap en Kuns" — Prof G P Human
155 "Die opleiding van chemiese ingenieurs in Suid Afrika — Prof U Grimsehl
156 "Doelwitte vir Muskiekopleiding" — Prof S Paxinos



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

ISBN 086979 058 7

V&R Pta.

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011